

SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 13:4-9

FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 13:8 (NAV)

Eljasib, die hoëpriester – 'n verkeerde ding!

In die lys van name wat aan Jerusalem se mure gebou het, staan die naam van die hoëpriester *Eljasib* uit. Nie tot eer van sy amp as hoëpriester nie, want wanneer ons weer van sy naam lees, is Nehemia woedend oor die verkeerde ding wat hy aangevang het. Eljasib het bevriend geraak met Tobias, 'n ryk handelaar wat teen die herbou van die mure van Jerusalem gekant was. Hy het die tempelkamer wat bedoel was vir die stoor van die tempelgereedskap en die tiendes van die volk, leeg gemaak en vir Tobias plek gemaak, wat dit as 'n kantoor vir sy handeldryf gebruik het.

Nehemia smyt die meubels van Tobias uit, want sy goed hoort nie in die tempel van die lewende God nie. Hy reinig die kamer en laat al die tempelgereedskap en voorrade terugplaas.

Baie jare later het Jesus ook in heilige toorn die tempel van die geldwisselaar en die verkopers van beste, skape en duiwe skoongemaak. In heilige kwaad-wees het Hy hulle uit die tempel gejaag met die woorde: “Daar staan geskrywe: ‘My huis sal 'n huis van gebed wees’, maar julle het dit 'n rowersnes gemaak.”

Niemand in 'n gemeente, selfs nie die dominee van 'n gemeente, mag die opregte dien van die Here in 'n gemeente laat skade ly nie. Wanneer dit gebeur, mag enige gelowige in heilige toorn sorg vir die herstel daarvan. Paulus waarsku: “As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.”

Wanneer ons skouer aan skouer in die opbou van die gemeente saamwerk, moet ons dit nie doen met hout, gras of strooi nie, maar met silwer, goud en edelstene. Jesus sal met sy wederkoms ons bouwerk op die proef stel.

Sing: Psalm 89:6

Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)